

Gereformeerde Kerk Bellville – 17 Junie 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 104:1, 2, 21 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlijkheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die blou trans; die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.
- 21 Al wie die HEER se lof mishaag, / laat hul soos stof voor wind vervaag! My siel, wat uitsing tot Gods eer – / sing onvermoeid, en loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd; u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit! Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER! Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Gebed

Skrifberyming 9-1:3, 4 (26)

- 3 Ek tog, Ek ywer teen my haters; / maak dan geen beeld om dié te aanbid; Ek straf hul streng, die wetverlaters, / tot in die derde en vierde lid.
- 4 Maar Ek bewys barmhartighede / en bly aan duisende getrou, wat tot My kom met hul gebede / en wat my wette onderhou.

Skriflesing: Johannes 4:1-26; Heidelbergse Kategismus, Sondag 35:96-97

Kernvers: Johannes 4:23-24

Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid. (Johannes 4:23-24 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).

(a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b).

(a) Jes 40:25. (b) Eks 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.

Tema: God soek mense wat Hom in gees en waarheid aanbid

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens nie aandagtig luister wanneer die Here sy Tien Gebooie aan ons afkondig nie, kan 'n mens maklik die eerste en die tweede gebod met mekaar vereenselwig. Op die klank af klink dit of daar oor dieselfde saak gehandel word. In die eerste gebod sê die Here: **Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.** En in die tweede gebod sê Hy: **Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak nie ...**

Alhoewel dit klink asof die twee gebooie oor dieselfde saak handel, wys die Heilige Gees vir ons dat twee afsonderlike sake hanteer word. In die eerste gebod verbied die Here dat die mens enige iets in sy plek of naas Hom sal aanbid. Met hierdie gebod beveel die Here die mens om al sy vertrouwe in Hom alleen te stel, want Hy is die enigste God. Buiten Hom is daar geen ander gode nie.

In die tweede gebod verbied die Here dat die mens van Hom 'n beeld sal maak om Hom deur middel van die beeld te aanbid. Met hierdie gebod beveel die Here dat die mens Hom sal aanbid soos wat Hy in sy Woord aan hulle bekend maak. Kortliks kan 'n mens dan sê dat die eerste gebod handel oor *wie* ons moet aanbid. En in die tweede gebod gaan dit oor *hoe* ons Hom moet aanbid.

'n Voorbeeld van oortreding van die tweede gebod is toe Israel vir hulleself 'n goue kalf gemaak het by die berg Sinai. Hulle het die Here se stem gehoor toe Hy sy Tien Gebooie afgekondig het, maar hulle het geen vorm of verskyning van God gesien nie (Deut 4:15). Toe Moses na hulle oordeel te lank op die berg was, het hulle by Aäron daarop aangedring om vir hulle 'n beeld te maak. Israel was nie van plan om 'n ander god te dien nie. Hulle wil die God aanbid wat hulle uit Egipte gebring het, maar hulle wou Hom op so 'n manier by hulle hê dat hulle kon sien wie die God is wat hulle aanbid. Dit is immers die verleiding vir die mens – hy wil sien wie die God is wat hy aanbid. Daarom sê die Here uitdruklik dat die mens geen beeld of enige gelykenis van Hom mag maak nie.

Broers, susters en kinders, ons mense is nie altyd tevrede net om die bevel van die Here te hoor nie. Mense wil ook weet hoekom die Here spesifiek daardie bevel gee. Hoekom mag die mens nie 'n afbeelding of enige gelykenis van God maak nie? Daar kan seker nog baie meer redes uit die Bybel gekry word, maar hier is drie van die mees voor die hand liggende redes.

Die eerste rede – enigiets wat 'n mens gaan afbeeld gaan lyk soos iets wat die mens ken en nie soos wat God regtig is nie. Israel het 'n kalf gemaak – nie omdat God so lyk nie, maar omdat die kalf vir hulle die uitbeelding van krag en mag is. Hulle het immers God as die God van krag en mag leer ken. Hy het hulle uit farao se ystergreep verlos en in die gebeure tydens die afkondiging van die Tien Gebooie het hulle weereens iets van God se mag gesien. Die berg het gerook en geskud en daar was weerligstrale en donderslae. Geen mens het God nog ooit gesien nie. Daarom sal enige afbeelding wat van Hom gemaak word, lyk soos iets wat aan die mens bekend is, maar dit is nie hoe God lyk nie.

Die tweede rede – die heidene het beelde van hulle gode gemaak en op hierdie wyse het hulle gemeen het hulle 'n houvas op hulle gode gekry. Die beelde van die gode was soos 'n elektriese verlengkoord. Met 'n verlengkoord bring jy die elektrisiteit tot waar jy dit nodig het. Die heidene het die invloed van hulle gode nodig, daarom maak hulle die beeld met die bedoeling om die invloed van hulle gode tot by hulleself te bring. Israel het in 'n stadium ook so oor die lewende God gedink. Toe hulle teen die Filistyne oorlog gemaak het, het hulle die eerste veldslag verloor. Toe besef hulle dat hulle God se krag in die oorlog nodig

het. Daarom het hulle die verbondsark gaan haal en gedink dat hulle daardeur die Here se krag tot in die oorlog vir hulleself kan bring.

'n Derde rede – God is onsienlik. Jesus sê dit uitdruklik in ons kernverse: **God is Gees**. Dit is onmoontlik om 'n fisiese voorstelling te maak van God as Hy Gees is. In Jesus se woorde hoor ons op watter manier God wil hê dat ons Hom sal aanbid en vereer.

In sy gesprek met die Samaritaanse vrou maak Jesus dit duidelik dat daar 'n betekenisvolle verandering gekom het wanneer dit kom by die aanbidning van God. Omdat daar vir baie jare 'n stryd was tussen die Jode en die Samaritane het hulle die Here nie op dieselfde plek aanbid nie. Die Samaritane het God by die Gerisimberg in Samaria aanbid omdat die Jode hulle verbied het om by die tempel in Jerusalem te kom. Die Jode het God in Jerusalem op die Sionsberg aanbid. Daarom het sy vir Jesus gevra waar moet 'n mens God dan nou eintlik aanbid.

In die Ou Testament was dit nog die bevel van die Here dat die Jode Hom in Jerusalem sal aanbid. Daar staan die tempel en daar is die altaar waarop die offers gebring moet word in hulle diens aan die Here. Met die koms van die Seun van God na die aarde het Hy 'n nuwe bedeling ingelei. Jesus self is die nuwe tempel (Joh 2:19-21). Die Heilige Gees bou die ware gelowiges op tot 'n heilige tempel van die Here (1 Pet 2:5). Daarom is die plek waar die gelowiges bymekaar kom om te aanbid nie meer die belangrikste nie. Die tyd het aan-gebreek dat die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid. Die Vader soek ware aanbidders. Dit gaan nou oor die manier en wie aanbid word.

Ons het dit al in die verlede gehoor dat alles wat God doen, doen Hy ter wille van Homself, want Hy is God. Toe Hy alles geskep het, het Hy dit vir Homself geskep. Hy wou Hom verlustig in sy skepping. Wanneer God mense verlos deur sy Seun, doen Hy dit sodat die verlostes Hom sal aanbid en eer. As Jesus dan sê dat God ware aanbidders soek, beteken dit mos dat daar ook valse aanbidders is.

Valse aanbidders is mense wat nie gehoorsaam is aan die eerste gebod nie omdat hulle iets anders as God aanbid of hulle probeer die ware God aanbid, maar doen dit op 'n manier wat God nie verheerlik nie. Hierdie valse aanbidders kan met groot ywer aanbid, maar ywer is nie al wat nodig is om 'n ware aanbieder te wees nie. Die moslems en boeddhiste en Jehovagetuies aanbid ook hulle gode met baie ywer, maar dit maak hulle nie ware aan-bidders nie. Hulle aanbid nie die ware God wat Homself in die Bybel openbaar nie.

Daar is ook Christene wat die Here met groot ywer aanbid, maar God is nie sentraal in hulle diens nie. Daar word soveel klem gelê op die musiek wat die grootste deel uitmaak van hulle aanbiddingsgeleentheid dat dit meer gaan oor die mense wat musiek maak en dat die Here maar net in die woorde van die liedere genoem word. Daar is ook kerkgangers wat maar net deur die patroon van die erediens gaan, maar hulle hart is nie in die erediens nie. Hulle gaan deur al die bewegings van die erediens en dink as hulle aan al die rituele deelgeneem het, het hulle God aanbid en is hulle weer reg tot volgende week. Die Here het sy volk oor hierdie ding in die verlede aangekla. Hulle God met die lippe geëer, maar hulle harte was ver van die Here af (Jes 29:13; Matt 15:8).

As God ware aanbidders soek, beteken dit mos dat dit van groot belang is om 'n ware aanbieder te wees. Wie 'n verlostes mens is, moet streef om 'n ware aanbieder te wees. Dit is 'n moet omdat Jesus sê dat die mense wat God aanbid, moet in gees en waarheid aanbid. Hierdie *moet* is die derde *moet* van die belangrike moets. Jesus het vir Nikodemus

gesê julle moet wedergebore word (Joh 3:7) en die Seun van die mens moet verhoog word (Joh 3:14). En nou sê Hy dat die mense wat God aanbid moet Hom in gees en waarheid aanbid.

Let op die eerste moet gaan daarvoor dat die Heilige Gees aan 'n mens die nuwe lewe gee. Die tweede moet gaan oor Jesus wat aan die kruis verhoog word ter versoening van mense se sondes. En die derde gaan daarvoor dat die Vader op die regte wyse aanbid word. Hierdie volgorde is nogal belangrik om 'n ware aanbieder te wees. 'n Mens moet wedergebore wees sodat jy jou vertrou in Christus as Verlosser te kan stel. Eers wanneer 'n mens waarlik in Christus glo, kan jy God in gees en waarheid aanbid.

God wil dus hê dat ek en jy ware aanbidders van Hom sal wees. As jy nog nie jou vertrou in Christus gestel het vir jou verlossing nie, moet jy daar begin. As jy in Christus vertrou het, maar van koers af gedryf het, kom terug, want dit is vir die Here belangrik dat jy 'n ware aanbieder sal wees.

Jesus sê twee maal dat die ware aanbidders God in gees en waarheid moet aanbid sodat die gelowiges dit sal onthou. Ware aanbidders is dus mense wat in gees en in waarheid aanbid. Om maar net in gees te aanbid sonder waarheid, sal 'n mens valse gode aanbid. Om net in waarheid te aanbid sonder gees, sal 'n mens in dooie formalisme verval. Alles wat jy doen sal reg wees, maar dit is lewelose diens.

Vir hierdie Samaritaanse vrou sê Jesus drie maal wie aanbid moet word – die Vader (Joh 4:21 en 23 [2x]). En Hy sê God is Gees. God het dus nie 'n liggaam wat gesien kan word nie. Hy is on sienlik. Dus kan God ook nie op een plek of in een tyd ingeperk word nie. Hy is alomteenwoordig en Hy is ewig. Omdat God alomteenwoordig en ewig is, kan Hy op enige plek en op enige oomblik aanbid word en jy kan weet Hy is daar teenwoordig.

Dit is deur Jesus Christus wat ons God as Vader leer ken. God is die Vader van Jesus Christus van ewigheid af, want die Seun is in die ewigheid uit God gebore. Elke mens aan wie die Heilige Gees die wedergeboorte skenk sodat hy in Christus glo as sy Verlosser, is 'n aangenome kind van God. Deur die Gees van God word die gelowige intiem aan die Vader en Christus verbind. Die Heilige Gees vestig die gelowige se hart op God en Christus. Wanneer die gelowige God en Christus aanbid, doen hy dit deur die Heilige Gees.

Wanneer 'n mens God dan in gees aanbid, aanbid jy Hom vanuit jou hart wat deur die Gees geregeer word en op God gerig word. Dit is nie 'n aanbidding waarin 'n mens maar net gedagtelos 'n klomp goed doen nie. Bewustelik rig jy jou gedagtes en hart op die Here. Die geloof wat die Gees aan jou skenk bring jou hart om te bid, om rein te wees in jou gewete en om jouself te verloën wat lei tot gehoorsaamheid aan die Here. Wie die Here so in die gees aanbid se hele menswees is dan betrokke by die aanbidding – jou hart, verstand en wil gaan op in aanbidding van die Here.

Wanneer 'n mens die Vader in waarheid aanbid, aanbid jy Hom op grond van wat Hy van Homself in sy Woord bekend maak. Jy aanbid Hom oor sy majesteit en almag. Jy aanbid Hom vir sy liefde, genade en regverdigheid. Jy aanbid Hom oor wie Hy is en nie omdat Hy vir jou goed gegee het nie. Daarom kan die ware aanbidders Hom ook aanbid wanneer Hy in sy alwysheid goed van die gelowige af wegneem, soos wat met Job gebeur het. Dit is met die waarheid in die Skrif waarmee die Heilige Gees die ware aanbieder lei om God in gees te aanbid.

Aangesien God dan ware aanbidders soek wat Hom in gees en waarheid aanbid, behoort dit vir elke ware gelowige belangrik te wees om 'n ware aanbieder van God te word. Hoe

kan dit in my persoonlike lewe gebeur? As 'n gelowige moet ek weet dat aanbidding van die Here nie beperk is tot 'n uur of twee op 'n Sondag nie. 'n Gelowige leef mos nie net in 'n erediens of net by watter samekoms ook al van die gemeente tot eer van die Here en die res van die tyd vir homself nie. Die Bybel ken nie 'n verdeling tussen 'n Sondag-lewe en 'n Maandag-tot-Saterdag-lewe nie. Wie deur Jesus Christus verlos is, behoort met liggaam en siel elke oomblik van elke dag aan die Here. Daarom doen die ware aanbidders alles wat hy doen – van Maandag tot Sondag – tot verheerliking van God.

Om so te groei as 'n ware aanbieder van God in my lewe van elke dag, sal ek elke oomblik my hart en gedagtes op Christus en die Vader moet rig. Uit my eie gaan ek dit nie regkry nie, daarom smee die ware gelowige aanhoudend dat die Heilige Gees kragtig in hom sal werk. Met watter werk of ontspanning mens ook al besig is, moet terselfdertyd so wees dat God daardeur verheerlik word anders is die gelowige se lewe nie in lyn met wat God deur hom wil doen nie.

Hierdie diens van die ware aanbieder aan God deur die week loop op na die gesamentlike aanbidding van die gelowiges in die erediens. Ware aanbidders kom nie uitsluitlik na die erediens om iets te kry nie. Wie na die erediens toe kom net om iets te kry, is selfsugtig en dink te veel van homself. Die erediens is nie vir die aanbieder om iets te kry nie, maar vir die aanbieder om aan die Here eer en dank en lof toe te bring. Die voorganger in die erediens is nie daar om die gemeente te vermaak nie. Die een wat voorgaan in die erediens en al die ander medewerkers lei die gemeente in die erediens waaraan hulle deelneem. Die gehoor van die erediens is dus in hoofsaak nie die gemeente nie, maar die Here. Na 'n erediens moet ek dus nie eerste vra wat ek daaruit gekry het nie. Ek behoort eerder te vra: Het ek aan God hartlike dank en lof gebring soos wat Hy verdien? As ons as gemeente nie so groei in ons aanbidding van die Here nie, sal ons nie in lyn kan wees met wat God deur hierdie gemeente wil doen nie.

Mag die Heilige Gees van elke lidmaat in hierdie gemeente 'n ware aanbieder maak, soos wat die Vader soek om Hom te aanbid. Mag die Heilige Gees elke ware aanbieder se hart en lewe so regeer dat hy in gees en waarheid die Here aanbid. Mag die ware aanbidders mekaar ook bystaan sodat hulle lewe gedurende die week lof toebring aan God totdat hulle weer op die Sondag saam die Here kan kom aanbid soos wat Hy wil hê dit moet gebeur.

Amen!

Slotgebed

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
17 Junie 2018